CRF FOR LOCAL GOVERNMENT

# PENSIONER NEWSLETTER
## OF THE CONSOLIDATED RETIREMENT FUND



Indemnity: The CRF for Local Government does not accept liability for any loss, damage or expense that may be incurred as a direct result or consequence of reliance upon the information in this document. Should any contention occur, the actual rules of the Fund will prevail.




## FUNERAL AND DEATH COVER FOR QUALIFYING PENSIONERS!

In September 2022 the Board announced the decision to self-insure the risk and funeral cover available to CRF members. The Fund also decided to make this cover available to qualifying pensioners at a fraction of the cost if compared with fees from outside insurers.

To find out if you qualify for this unique opportunity and to apply for these cost-effective benefits, please have a look at the criteria below:

- You have to be the "main" pensioner that receives a monthly income from the CRF In-Fund Pension or In-Fund Living Annuity. (This excludes spouses and children receiving a monthly pension from the Fund.)
- You must be under the age of 75 years.

Please note that certain policy conditions will apply when applying for the desired cover. The Fund may request additional medical information prior to approving your cover.

If you need more information on the options available to you, please refer to our September Pensioner Newsflash on the Fund's website or contact our client services team on our share call number 0861 CRFUND (0861 273863).

## DEAR CRF PENSIONER,

The year 2022 may have been another challenging year for many of us, however there have also been positive events that we can be grateful for. One of them surely must be that the Covid-pandemic currently seems to be under control although there have been talks about a new variant. We encourage you to stay vigilant and safe so that we may continue to enjoy freedom of movement and the company of our loved ones.

It is with great pride that I can share with you that the CRF Pension Portfolio performed extremely well despite the volatile market conditions experienced over the past couple of years and it was fully funded as at the end of the Fund's last financial year as at 30 June 2022.

The Board of Trustees live up to their promise to look after their members and pensioners. With that said we are excited to announce that we are able to grant an increase of 8% on your monthly pension effective 1 March 2023. This increase exceeds the Consumer Price Index of 7.4% as at June 2022.

In addition to the annual increase, all pensioners who were in receipt of a pension as at 30 November 2022 were paid a bonus of two times your monthly pension in December 2022. If you have been receiving a pension from the CRF for less than 12 months as at 30 November 2022, you would have received a pro rata bonus.

The abovementioned is testimony to the Board's diligence in making the best possible investment choices to the benefit of our members and pensioners. We are always looking at ways to improve your benefits and to provide excellent and cost-effective products. The latest being to offer qualifying pensioners the opportunity to make provision for death and funeral cover. Please read the relevant article to find out if you qualify and what you need to do to make use of this excellent offer.



It is important to remember that pensioner bonusses are NOT guaranteed and are dependent on good governance and healthy returns. Should we experience adverse market conditions, it could lead to a minimal increase and no bonus. Even though we are nearing the end of the first quarter of 2023, I would like to use this opportunity to wish you all a happy and healthy year further. Enjoy reading the rest of the informational articles in this newsletter.

Kind regards,

Soyisile Mokweni,

Chairman

## IMPORTANT REMINDERS:

### AVOID SUSPENSION OF PENSIONS PAID TO CHILDREN.

If you have children in receipt of a pension, please remember that benefits payable to minor children cease at the age of 18 and for dependent children studying full-time at an established educational institution at the age of 23. Proof that a student is registered to study full-time at a recognized established learning institution must be submitted annually before the 10th of December to enable the benefit to continue to be paid.

### NOTIFY THE FUND WHEN A PENSIONER DIES.

In order to ensure that pensions are not paid fraudulently, the Fund runs a verification process of all pensioner data against the Department of Home Affairs' deceased data base in order to identify pensioners that may have passed away. Although the Fund has this system in place, it is still important to let your family know that should you die, they need to inform the Fund and submit a death certificate so that the pension can be stopped. Any pensions paid after the date of death will have to be paid back to the Fund. The notification to the Fund is also very important as the funeral benefit might be relevant.

## THE CRF KEEPS ON GROWING

The CRF footprint expanded further and we now have four official regional offices outside of our head office in Bellville. You can now visit a CRF office in George, East London, Gqeberha and Kimberley!



## PENSIONER PAYMENT DATES

The monthly pension will be paid directly into your bank account on the 22nd of each month. If the 22nd falls on a Sunday or a Public Holiday, the pension will be paid on the preceding working day. Remember if your banking details have changed, please inform the CRF before the 3rd of the month, otherwise keep your old banking account open until the following month. If you have any concerns, please contact our client services team on 0861 CRFUND (0861 273863).

0861 CRFUND (0861 273863) | WhatsApp: 021 915 3500 | support@crfund.co.za | www.crfund.co.za | PO Box 4740, Tyger Valley, 7536
Consolidated Retirement Fund for Local Government Reg no: 12/8/32689/2 | **HEAD OFFICE** CRF Building, 3rd Floor, 4 Bridal Close, Tyger Falls, Bellville, 7530
**REGIONAL OFFICES: EAST LONDON** The Quarry, Pilot Mill House, Ground Floor, Selborne, East London, 5201 | **GEORGE** Block B, Eden Office Park, Platinum Drive, George, 6530
**GQEBERHA** Evergreen Office Park, 174 Cape Road, Mill Park, Gqeberha, 6001 | **KIMBERLEY** Unit 5, Royalyard Park, 1-9 Jacobus Smit Street, Royal Glen, Kimberley 8301

BOARD OF TRUSTEES: Mr SA Mokweni (Chairman), Mr JJ Wagner (Deputy-Chairman), Mr PJS Gouws, Mr IR Iversen, Mr TA Loko, Mr PJF Louw, Mr L Mbandazayo, Ms C Meyer, Mr AM Owen, Mr ET Scott, Mr SN Toni, Mr FA Willemse. Principal Executive Officer: Mr RC Wentworth

CRF FOR LOCAL GOVERNMENT

# PENSIONARIS NUUSBRIEF
## VAN DIE CONSOLIDATED RETIREMENT FUND



Vrywaring: Die CRF aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies, skade of onkoste wat as 'n direkte gevolg of uitvloeisel van vertroue op die inligting in hierdie dokument gely of aangegaan word nie. Indien enige geskil ontstaan, sal die werklike reëls van die Fonds voorrang geniet.




## BEGRAFNIS- EN DOODSDEKKING VIR KWALIFISERENDE PENSIOENARISSE!

In September 2022 het die Raad die besluit aangekondig om CRF lede se risiko en begrafnisdekking self te verseker. Die Fonds het ook besluit om hierdie dekking aan kwalifiserende pensioenarisse teen 'n fraksie van die koste vergeleke met dié van buiteversekeraars beskikbaar te stel.

Om uit te vind of jy kwalifiseer vir hierdie unieke geleentheid en om vir hierdie kostedoeltreffende voordele aansoek te doen, lees asseblief die kriteria hieronder aandagtig deur:

- Jy moet die "hoofpensioenaris" wees wat 'n maandelikse inkomste uit die CRF Infonds-Pensioen- of Infonds-Lewende-annuïteitopsie ontvang. (Dit sluit gades en kinders uit wat 'n maandelikse pensioen uit die Fonds ontvang.)
- Jy moet jonger as 75 jaar wees.

Let asseblief daarop dat sekere polisvoorwaardes sal geld wanneer jy om die verlangde dekking aansoek doen. Die Fonds kan bykomende mediese inligting versoek voordat die dekking goedgekeur word.

Vir meer inligting oor die opsies tot jou beskikking, raadpleeg asseblief ons September Pensioenarisnuusflits op die Fonds se webwerf of kontak ons kliëntedienspan op ons deeloproepnommer: 0861 CRFUND (0861 273863).

## BELANGRIKE AANMANINGS:

### VOORKOM DAT PENSIOENE WAT AAN KINDERS BETAAL WORD, OPGESKORT WORD

Onthou asseblief dat voordele aan minderjarige kinders betaal word tot op ouderdom 18, en aan afhanklike kinders wat voltyds aan 'n erkende opvoedkundige instelling studeer op ouderdom 23, gestaak word. Bewys dat 'n student geregistreer is om voltyds aan 'n erkende leerinstelling gaan studeer, moet jaarliks voor 10 Desember ingedien word om seker te maak dat die voordeel nie opgeskort word nie.

### STEL DIE FONDS IN KENNIS WANNEER 'N PENSIOENARIS STERF

Ten einde seker te maak dat pensioene nie verkeerdelik betaal word nie, verifieer die Fonds alle pensioenarisdata teen die Departement van Binnelandse Sake se databasis vir sterftes om pensioenarisse te identifiseer wat moontlik gesterf het. Hoewel die Fonds hierdie stelsel in plek het, is dit steeds belangrik om jou familie te laat weet dat indien jy sterf, hulle die Fonds in kennis moet stel en 'n doodsertifikaat moet indien sodat die pensioen gestaak kan word. Enige pensioen wat ná die sterftedatum betaal word, sal aan die Fonds terugbetaal moet word. Die kennisgewing aan die Fonds is ook baie belangrik omdat die begrafnisvoordeel dalk ter sake kan wees.

## BESTE PENSIOENARIS,

Die jaar 2022 was dalk weer eens 'n uitdagende jaar vir talle van ons, maar daar was ook positiewe gebeure waarvoor ons dankbaar kan wees. Een daarvan is beslis dat dit lyk asof die covidpandemie tans onder beheer is, al is daar sprake van 'n nuwe variant. Ons moedig jou aan om op jou hoede en veilig te bly sodat ons kan voortgaan om vryheid van beweging en die geselskap van ons geliefdes te geniet.

Ek is baie trots om met julle te deel dat die CRF Pensioenportefeulje uiters goed presteer het, ten spyte van die onbestendige marktoestande wat die afgelope paar jaar ervaar is. Aan die einde van die Fonds se afgelope finansiële jaar soos op 30 Junie 2022 was die Pensioenportefeulje ten volle befonds.

Die Raad van Trustees kom hulle belofte na om na ons lede en pensioenarisse om te sien. Ons is dus opgewonde om die nuus te deel dat ons vanaf 1 Maart 2023 'n verhoging van 8% op julle maandelikse pensioen kan toestaan. Hierdie verhoging oorskry die verbruikersprysindeks van 7,4% soos in Junie 2022.

Benewens die jaarlikse verhoging, het alle pensioenarisse wat op 30 November 2022 'n pensioen ontvang het, in Desember 2022 'n bonus van twee keer hulle maandelikse pensioen ontvang. As jy op 30 November 2022 vir minder as 12 maande 'n pensioen van die CRF ontvang het, sou jy 'n pro rata bonus ontvang het.

Bogenoemde is bewys van die Raad se ywer om die beste moontlike beleggings-keuses tot voordeel van ons lede en pensioenarisse te maak. Ons is altyd op die uitkyk vir maniere om julle voordele te verbeter en om uitstekende en kostedoeltreffende produkte te verskaf. Die jongste poging is om aan kwalifiserende pensioenarisse ook die geleentheid te bied om vir doods- en begrafnisdekking voorsiening te maak. Lees asseblief die artikel langsaan om uit te vind of jy kwalifiseer en wat jy moet doen om hierdie uitstekende aanbod te benut.



Dit is belangrik om te onthou dat pensioenaris-bonusse NIE gewaarborg is nie, maar van goeie bestuur en gesonde opbrengste afhang. Indien ons negatiewe marktoestande ervaar, kan dit tot 'n minimale verhoging lei en dat geen bonus betaal word nie.

Al nader ons die einde van die eerste kwartaal van 2023, gebruik ek graag hierdie geleentheid om julle almal 'n gelukkige en gesonde jaar verder toe te wens. Geniet die res van die insiggewende artikels in hierdie nuusbrief.

Vriendelike groete,

Soyisile Mokweni

Voorsitter

## DIE CRF GROEI STEEDS

Die CRF se voetspoor het verder uitgebrei en ons het nou vier amptelike streekskantore buiten ons hoofkantoor in Bellville. Jy kan nou 'n CRF-kantoor in George, Gqeberha, Oos-Londen en Kimberley besoek!



## PENSIOENARIS-BETAALDATUMS

Die maandelikse pensioen word op die 22ste van elke maand direk in jou bankrekening inbetaal. As die 22ste op 'n Sondag of openbare vakansiedag val, word die pensioen op die voorafgaande werksdag betaal. Onthou dat as jou bankbesonderhede verander, moet jy asseblief die CRF voor die 3de van die maand in kennis stel, anders moet jy jou ou bankrekening tot die volgende maand oop hou. Kontak asseblief ons kliëntediensspan by 0861 CRFUND (0861 273863) vir enige verdere vrae of inligting.

0861 CRFUND (0861 273863) | WhatsApp: 021 915 3500 | support@crfund.co.za | www.crfund.co.za | Posbus 4740, Tygervallei, 7536
Consolidated Retirement Fund for Local Government Reg No:12/8/32689/2 | **HOOFKANTOOR** CRF Gebou, 3de Vloer, Bridalslot 4, Tyger Falls, Bellville, 7530
**STREEKSKANTORE: GEORGE:** Blok B, Eden Kantoor Park, Platinum Rylaan, George, 6530 | **GQEBERHA:** Evergreen Kantoorpark, 174 Cape Straat, Mill Park, Gqeberha 6001
**OOS-LONDEN:** Die Quarry, Pilot Mill House, Grond Vloer, Selborne, Oos-Londen 5201 | **KIMBERLEY** Eenheid 5, Royalyard Park, 1-9 Jacobus Smitstraat, Royal Glen, Kimberley 8301

RAAD VAN TRUSTEES: Mnr. SA Mokweni (Voorsitter), Mnr. JJ Wagner (Ondervoorsitter), Mnr PJS Gouws, Mnr. IR Iversen, Mnr. TA Loko, Mnr. PJF Louw, Mnr. L Mbandazayo, Me. C Meyer, Mnr. AM Owen, Mnr. ET Scott, Mnr. SN Toni, Mnr. FA Willemse. Hoof Uitvoerende Beampte Mnr. RC Wentworth